

<b>EKSAMEN</b>	<b>NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT</b>
<b>GRAAD</b>	12
<b>DATUM</b>	NOVEMBER 2024
<b>VAK</b>	REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
<b>VRAESTEL</b>	2
<b>PUNTE TOTAAL</b>	150
<b>TYDSDUUR (UUR)</b>	3
<b>AANTAL BLADSYE</b>	16



**SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE**  
**SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT**



## INLIGTING EN INSTRUKSIES

- Hierdie vraestel bestaan uit:  
**AFDELING A** (25 punte)  
**AFDELING B** (75 punte)  
**AFDELING C** (50 punte)
- Beantwoord **AL** die vrae in die antwoordboek.
- Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
- Begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Laat 'n reël oop tussen **ELKE** subvraag.
- Lees elke vraag sorgvuldig deur voordat jy antwoord en **MOENIE meer** inligting gee as wat die vraag vereis nie, aangesien dit **NIE** nagesien sal word nie.
- Een punt word per feit toegeken; daarom sal 'n 2-punt vraag **TWEE** feite vereis, ens.
- Antwoorde soos 'stadiger/vinniger' en 'goedkoper' ens. sal **SLEGS** aanvaar word as dit gemotiveer is.
- Alle antwoorde **MOET** verband hou met Rekenaartoeëpassingstegnologie. **MOENIE** handelsname in jou antwoorde gebruik nie, tensy dit spesifiek vereis word.
- Skryf netjies en leesbaar.



## AFDELING A

### VRAAG 1: PAS-ITEMS

Kies die toepaslike term/konsep vanuit **KOLOM B** wat pas by 'n verduideliking in **KOLOM A**. Skryf **SLEGS** die letter langs die vraagnommer in jou **ANTWOORDBOEK**, bv. 1.11 W.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Word gebruik om transaksies te verwerk, voorraad te bestuur en kwitansies of fakture te genereer	A	skakelaar ('switch')
		B	aspekverhouding ('aspect ratio')
1.2	Toestel wat ontwerp is om gebruikersgerief en konneksie te verbeter, en wat ook interaksie met ander toestelle en die internet bied	C	bediener
		D	AUP
1.3	Die eweredige ('proportional') verhouding tussen die breedte en hoogte van 'n prent of skerm	E	tesourus
		F	opspoor ('locate')
1.4	'n Algemene rekenaartegniek wat werkverrigting verbeter deur toegang tot gereeld benodigde data bespoedig	G	VPN
		H	ethernet
1.5	'n Woordverwerkingseienskap wat soortgelyke woorde as die een wat tans gebruik word voorstel	I	kasberging ('caching')
		J	verkooppunt-('point-of-sale')toestel
1.6	Tegnologie wat 'n veilige en geïnkripteerde verbinding oor 'n minder veilige netwerk skep	K	skerm oriëntasie
		L	leeg ('empty')
1.7	'n Toestel wat verskeie rekenaars aan dieselfde gekabelde netwerk koppel	M	verwerking
		N	internet-geaktiveerde toestel
1.8	'n Beleid wat uiteensit wat werknemers mag en nie mag doen nie terwyl hulle die maatskappy se toerusting gebruik	O	slimtoestel
		P	EULA
1.9	'n Excel-funksie wat die posisie van 'n gespesifiseerde substring binne teks opspoor en terugstuur	V	'null'
		R	IDV ('ISP')
1.10	Kriteria wat in 'n Access-navraag ingevoer kan word om te bepaal of 'n veld geen data bevat nie	S	FIND
		T	speltoetser ('spell checker')

[10]



## VRAAG 2: MEERVOUDIGE KEUSEVRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees toepaslike antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 2.6 E.

- 2.1 'n Poort wat vir vertoondoeleindes gebruik word, word soms ingesluit vir terugwaartse ('legacy') versoenbaarheid ('compatibility').
- A HDMI
  - B Vertoon ('Display')
  - C VGA
  - D Mikro-USB (1)
- 2.2 Hierdie resolusie word tipies op skandeerders gebruik vir die skandering van dokumente wat klein lettertipes bevat.
- A 240 DPI
  - B 360 DPI
  - C 600 DPI
  - D 720 DPI (1)
- 2.3 'n Unieke adres wat 'n rekenaar op die internet identifiseer.
- A SMTP
  - B FTP
  - C VoIP
  - D IP (1)
- 2.4 Die volgende berekening in 'n Access-verslag sal die aantal items wat in die *Vehicle*-veld ingevoer is, bepaal.
- A =Sum([Vehicle])
  - B =Sum(Vehicle)
  - C =Count([Vehicle])
  - D =Count(Vehicle) (1)
- 2.5 Die lyn tussen twee tabelstoppunte ('tabstops') word 'n ... genoem.
- A gids ('leader')
  - B kontoer ('contour')
  - C pyl ('arrow')
  - D skakel ('link') (1)

**[5]**



### VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 tot 3.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korreger die stellings as dit ONWAAR is deur die onderstreepte woord te verander sodat die stelling WAAR is.

#### NOTA:

- Jy mag **NIE** die woord 'nie' gebruik om die stelling te verander nie.
- Geen punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word nie.

- 3.1 Stoor ('storage') behels die skep van kopieë van data vir hersteldoeleindes. (1)
- 3.2 LTG ('RAM') stoor noodsaaklike instruksies vir die laai van die stelselagteware. ('system startup') (1)
- 3.3 Motors met rekenaars en videoskerms vir parkering is 'n voorbeeld van konvergensie. (1)
- 3.4 Miracast-tegnologie word gebruik om voorwerpe en bates draadloos te identifiseer en op te spoor. (1)
- 3.5 Aanlynberging ('Online storage') gebruik webwerwe en aanlynportale om inligting op bedienerplase ('server farms') te stoor. (1)
- 3.6 Koppelkolle ('Hotspots') bied draadlose internettoegang in openbare plekke. (1)
- 3.7 'n Bladsy ('Page') afdelingbreuk ('section break') sal toelaat dat die teks op dieselfde bladsy bly, maar in 'n aparte afdeling ('section'). (1)
- 3.8 'n Hiperskakel in 'n dokument sal outomaties opdateer wanneer die inhoud waarna dit verwys verander. (1)
- 3.9 In Excel, as die datatipe op geldeenheid ('currency') gestel is, word die inhoud van 'n sel outomaties met 100 vermenigvuldig. (1)
- 3.10 HTML gebruik merkers ('tags') om die struktuur van 'n webblad te beskryf. (1)

[10]

**TOTAAL AFDELING A: [25]**



## AFDELING B

### VRAAG 4: STELSELTECHNOLOGIEË

- 4.1 LTG ('RAM') en berging ('storage') speel albei 'n belangrike rol in die stoor van data. Wanneer sal 'n lêer van RAM na 'n permanente stoorstelsel gekopieer word? (1)
- 4.2 Afgesien van sekuriteit en dat dit vinniger is as om 'n wagwoord in te tik, noem EEN voordeel van die gebruik van biometriese toevoerstelsel vir verifikasie ('authentication'). (1)
- 4.3 Los die volgende probleem op:  
Jy het 'n opstel vir skool gedruk, maar jy het dit nie gestoor nie. Die onderwyser het jou gevra om 'n sagte/digitale kopie per e-pos te stuur, maar jy het nie toegang tot 'n skandeerder om die gedrukte opstel te skandeer nie. (2)
- 4.4 Verskeie faktore moet in ag geneem word wanneer jy 'n drukker koop. Verduidelik kortliks waarom die dienssiklus ('duty cycle') van 'n drukker 'n belangrike faktor is om in ag te neem. (1)
- 4.5 Koordlose ('wireless') oorfone word gewoonlik via Bluetooth verbind. Noem EEN rede waarom jy eerder koordlose oorfone deur WiFi sal koppel en nie Bluetooth nie. (1)
- 4.6 Die resolusie-instelling is 'n faktor wat die kwaliteit van 'n foto beïnvloed.  
Onderskei tussen lensopening ('lens aperture') en resolusie met betrekking tot hul impak op 'n beeld. Dui lensopening en resolusie duidelik aan, gevolg deur jou antwoord. (2)
- 4.7 Hieronder is 'n advertensie met rekenaarspesifikasies. Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Intel Core i9-12900K, 12-kern ('core'), 24-thread, 5.2GHz  
 64GB DDR4 4000MHz  
 NVIDIA GeForce RTX 4090, 24GB GDDR6X VRAM  
 2TB NVMe VTA ('SSD') + 4TB Hardekyf ('HDD')  
 32-duim 4K Ultra HD IPS Paneel  
 Wi-Fi 6E  
 Bluetooth 5.2  
 Gigabit Ethernet

Poorte ('Ports'):  
 4 x USB-C  
 6 x USB 3.2 Gen 2  
 2 x HDMI 2.1  
 2 x DisplayPort 1.4  
 SD Kaartleser ('Card Reader')



- 4.7.1 Watter tipe rekenaargebruiker kan baat vind by die gebruik van 'n rekenaar met die spesifikasies soos hierbo gelys? (1)
- 4.7.2 Wat is die totale hoeveelheid geheue ('memory') in hierdie rekenaar? (1)
- 4.7.3 Beskou die resolusie van die monitor wat in die advertensie gelys word en noem die verbinding wat hierdie monitor heel waarskynlik sal gebruik. Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.7.4 Die verbinding wat hieronder getoon word, sal in die rekenaar in die advertensie gebruik word. Identifiseer die verbinding wat in die prent hieronder getoon word. (1)



- 4.8 Beantwoord die volgende vrae rakende sagteware versoenbaarheid ('software compatibility').
- 4.8.1 Beskryf kortliks TWEE probleme wanneer programme onversoenbaar is. (2)
- 4.8.2 Verduidelik wat veroorsaak onversoenbaarheid in sagteware? (1)
- 4.9 Wat is metadata en gee EEN voorbeeld van metadata van 'n lêer. (2)
- 4.10 Bespreek die voordele van die gebruik van Google G Suite om 'n dokument te skep in vergelyking met tradisionele woordverwerkingsprogramme wat op die rekenaar geïnstalleer is. (2)
- 4.11 Dit is uiters belangrik om dokumente veilig te hou, ongeag waar dit gestoor word. Noem TWEE eienskappe wat deur dokumentbestuursagteware ('document management software') gebruik word om elektroniese dokumente te beskerm. (2)
- 4.12 Aanpassing ('Customisation') is een van die voordele vir slimfoonvervaardigers wanneer oopbronsagteware soos Android gebruik word. Watter kenmerk van oopbronsagteware maak aanpassing van sagteware moontlik? (1)
- 4.13 Vertoon ('Display') spesifikasies verskil volgens die vereistes van verskillende gebruikers. Sal die reaksietyd van 'n monitor 'n impak hê op algemene kantoortake? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**



## VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNETTECHNOLOGIEË

- 5.1 Daar is 'n verskeidenheid maniere waarop 'n toestel aan 'n netwerk kan koppel. Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1.1 Identifiseer die koppelstuk ('connector'). (1)
- 5.1.2 Identifiseer die tipe kabel wat hierdie verbinding sal gebruik. (1)
- 5.1.3 Stel TWEE toestelle voor wat met hierdie spesifieke tipe koppelstuk verbind kan word. (2)
- 5.2 Verduidelik kortliks hoe die Internet van Dinge ('Internet of Things') in 'n 'slimhuis' ('smart home') gebruik kan word? (2)
- 5.3 Sosiale media vorm 'n integrale deel van besighede sowel as persoonlike lewens. Wat is die 'sosiale media-borrel' ('social media bubble')? (2)
- 5.4 Baie tipes verbindings bestaan vir slimtoestelle. Waar in 'n winkelsentrum sal jy NVK ('NFC') gebruik? (1)
- 5.5 Kliënt-bedienernetwerke en eweknie-netwerke word algemeen in LAN's gebruik. Twee rekenaars (rekenaar A en rekenaar B) is aan mekaar gekoppel met die doel om speletjies te speel. Sommige speletjies is op rekenaar A geïnstalleer en sommige op rekenaar B. Sal hulle 'n kliënt-bediener-netwerk of 'n eweknie-netwerk gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)
- 5.6 Protokolle speel 'n belangrike rol wanneer enige tipe netwerk gebruik word. Beantwoord die vrae wat volg.
- 5.6.1 Gee 'n kort beskrywing van 'n protokol. (2)
- 5.6.2 Noem die protokol wat in e-handelstransaksies ('e-commerce') gebruik word. (1)
- 5.7 Verduidelik kortliks hoe ruitrekenarisering ('grid computing') stelselbetroubaarheid verseker in geval van rekenaarfoute. (1)

**[15]**



## VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

- 6.1 Die inligtingbestuursproses behels verskeie stappe. Watter stap vind plaas tussen die verskaffing van toevoer ('input') aan 'n rekenaar en die ontvang van afvoer ('output')? (1)
- 6.2 Wanneer data ontleed word, is dit belangrik om ooreenkomste en verskille te vind. Verduidelik kortliks wat 'n korrelasieneiging ('correlation trend') is. (2)
- 6.3 Opnames en vraelyste is albei deel van die inligtingbestuursproses. Wanneer sal vraelyste tradisionele navorsingsmetodes vervang? (1)
- 6.4 'n MS Word-vraelys met beide oop- en geslote vrae word as deel van jou navorsing gebruik. Antwoord die volgende vrae:
- 6.4.1 Jy gebruik die nommers 1 tot 5 in jou vraelys om aan te dui hoe sterk die respondente met 'n stelling saamstem/verskil. Noem die beste metode om te gebruik om die antwoorde van die respondente te kry? (1)
- 6.4.2 Watter opsie kan in 'n meervoudige keusevraag ingesluit word om die gebruiker toe te laat om bykomende inligting te gee? Motiveer jou antwoord. (2)
- 6.4.3 'n Mens kan verskeie kriteria gebruik om inligting te evalueer. Wat word bedoel met die aktualiteit ('currency') van inligting? (1)
- 6.4.4 Terwyl jy jou navorsing gedoen het, het jy opgemerk dat die webwerf se skrywer deur 'n maatskappy geborg word. Verduidelik hoekom dit 'n probleem kan wees wanneer die webwerf vir navorsing gebruik word. (1)
- 6.5 'n Staafgrafiek ('bar chart') is gebruik om die verhouding tussen die individue wat 'ja' geantwoord het en diegene wat 'nee' geantwoord het in 'n vraelys te illustreer. Watter tipe grafiek sal meer geskik wees om die vergelyking te illustreer? (1)

**[10]**



## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Die prent wat hieronder vertoon word beeld sekere sleutels op 'n sleutelbord uit. Identifiseer die spesifieke tipe gebruiker wat hierdie sleutelbord sal gebruik. (1)



- 7.2 Verifikasie ('Authentication') is 'n belangrike deel van die beveiliging van data. Noem en beskryf EEN verifikasie metode wat op slimfone gebruik word behalwe biometriese sekuriteit. (2)
- 7.3 Rugsteun ('Backup') is 'n integrale deel van rekenaarsekuriteit en instandhouding. Bespreek TWEE nadele om rugsteune met die hand ('manually') te skep. (2)
- 7.4 Noem TWEE voordele wat die volgende in gemeen het: aanlyninkopies, aanlynbankdienste, bestel van kos aanlyn, verskaffing van verkeersinligting (met 'n toepassing soos Waze, Google Maps en Apple Maps). (2)
- 7.5 Hoe help intekeninggebaseerde ('subscription-based') sagteware, waar jy maandeliks vir die sagteware betaal, sagtewareroof ('software piracy') voorkom? (1)
- 7.6 Groenrekenarisering ('Green computing') verminder die omgewingsimpak van rekenaartegnologie. Hoe kan die herwinning ('recycling') van ou rekenaaronderdele bydra tot groenrekenarisering? (2)

**[10]**



**VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING**

8.1 Jy het 'n verslag geskep, maar die bladsynommer verskyn op die voorblad.

8.1.1 Watter opsie in die Kop- en Voetskrif-oortjie ('Header and Footer tab') moet jy kies om te verseker dat die bladsynommering op die tweede bladsy begin? (1)

8.1.2 Die bladsynommer op die tweede bladsy moet met 1 begin. Beskryf die opsies wat gestel moet word om die bladsynommering by 1 te begin. (2)

8.2 Verduidelik kortliks watter inligting by verstek ('default') in die figuurtabel ('table of figures') vir elke figuur/voorwerp ingesluit word. (3)

8.3 Bestudeer die sigblad van speletjies wat deur 'n e-sport-span hieronder gespeel word en beantwoord die vrae wat volg:


	A	B	C	D	E	F
1	SpeletjieTitel	SpeletjieKode	JaarVrygestel	Genre	Gradering	Aantal Spelers (Milj.)
2	Fortnite	Fe18	26-09-2017	Battle Royale	4.2	230
3	World of Warcraft	Wt14	23-11-2003	MMORPG	4.8	129
4	Rocket League	Re12	07-08-2015	sport-based	4.4	60
5	Minecraft	Mt17	18-11-2011	Sandbox	4.7	140
6	Counter-strike	Ce12	01-11-2015	First-Person Shooter	4.3	2

8.3.1 Die speletjiekode bestaan uit die eerste en laaste karakter van die speletjie se titel en 'n ewekansige ('random') getal tussen 10 en 20. Gee EEN funksie en EEN operateur ('operator') wat gebruik kan word om die verskillende dele van die kode saam te voeg. (2)

8.3.2 Watter datum/resultaat sal deur die volgende funksie teruggestuur word: =MIN(C2:C6). (1)

8.3.3 Teken die grafiek hieronder oor en voeg data-etikette ('data labels') en 'n datatabel ('data table') in om die verskil tussen hulle te wys. Dui die data-etiket en datatabel duidelik in jou tekening aan.

**LET WEL:** Jou grafiek hoef nie 'n presiese replika van die een in die prentjie te wees nie en die waardes wat jy gebruik kan benaderd wees. Die korrekte voorstelling van data-etiket en 'n datatabel is belangrik. (2)





- 8.4 Wanneer 'n prent by 'n webblad gevoeg word, word jy aangeraai om die prent in dieselfde lêergids ('folder') in te sluit as die webblad wat die prent sal vertoon. Verduidelik kortliks TWEE voordele om die prente in dieselfde lêergids as die webblad se kodering in te sluit. (2)
- 8.5 Die volgende uitdrukking word bygevoeg in 'n databasisnavraag.  
Totale Verkope: [HoeveelheidVerkoop] \* [Eenheidsprys]
- Verduidelik hierdie uitdrukking. (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: [75]**



## AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Oorweeg die volgende scenario wanneer jy Vraag 9 en 10 beantwoord.

### SCENARIO

'n Sentrum vir fisies gestremde leerders is besig om 'n rekenaarlaboratorium op te rig met 10 rekenaars wat aan 'n netwerk gekoppel is. Om bykomende fondse in te samel, sal hulle die laboratorium teen 'n tarief per uur aan lede van die publiek beskikbaar stel. Elke rekenaar sal internettoegang hê.

### VRAAG 9: INTEGRASIE

- 9.1 OKH-skandering ('OCR scanning') is baie meer kompleks as om net 'n foto te skandeer. Die skanderingprogram wat deur die sentrum gebruik word, het OKH-vermoëns. Beantwoord die vrae wat volg:
- 9.1.1 Verduidelik hoe optiese karakterherkenning ('OKH') tegnologie meer gevorderd is as tradisionele skanderingsmetodes byvoorbeeld om 'n foto te skandeer. (1)
- 9.1.2 Noem TWEE faktore wat kan veroorsaak dat OKH-skandering onakkuraat is. (2)
- 9.2 Defragmentasie is 'n belangrike deel van rekenaaronderhoud. Antwoord die volgende vrae:
- 9.2.1 Op watter rekenaarkomponent sal jy defragmentasie uitvoer? (1)
- 9.2.2 Verduidelik kortliks waarom defragmentering rekenaarwerkverrigting kan verhoog. (2)
- 9.3 Grafiekakaarte word op die sentrum se rekenaars geïnstalleer. Beantwoord die vrae wat volg.
- 9.3.1 Waarvoor staan GVE ('GPU')? (1)
- 9.3.2 Onderskei tussen 'n SVE ('CPU') en 'n GVE in terme van die hoofdoel van elkeen. Dui duidelik SVE en GVE aan en die doel daarvan. (2)
- 9.4 Die waaier op een van die rekenaars se SVE het ophou werk en die SVE is beskadig en moet vervang word. Afgesien van die fisiese verbinding met die moederbord stel TWEE spesifikasies voor wat in ag geneem moet word wanneer 'n SVE gekoop word? (2)
- 9.5 Die skerm wat aan die bediener ('server') gekoppel is, vertoon slegs swart op die skerm. Noem TWEE moontlike faktore wat jy kan ondersoek om die probleem op te los. Aanvaar dat beide die bediener en skerm aangeskakel is, en dat die kabel wat hulle verbind, in werkende orde is. (2)



- 9.6 Beskou die spesifikasies hieronder van die rekenaars wat in die sentrum gebruik word wanneer jy die daaropvolgende vrae beantwoord:

Intel Core i5-11400, 6-core, 12-thread, 4.2GHz Turbo Boost  
 4GB DDR4 3200MHz  
 NVIDIA GeForce GTX 1660 Super, 6GB GDDR5 VRAM  
 512GB NVMe SSD + 1TB HDD  
 24-inch Full HD IPS Panel  
 802.11ac  
 Bluetooth 4.2  
 Gigabit Ethernet Poorte ('Ports'):  
 4 x USB 3.2 Gen 1  
 2 x USB 2.0  
 1 x HDMI  
 1 x Display Port  
 SD Card Reader  
 Windows 11 Pro

- 9.6.1 Noem EEN komponent in die spesifikasies wat heel waarskynlik opgegradeer sal moet word. Motiveer jou antwoord. (2)
- 9.6.2 Twee stoortoestelle is in die gelyste rekenaar geïnstalleer. Noem elke stoortoestel en gee 'n beskrywing van wat heel waarskynlik op elke toestel gestoor/geïnstalleer sal moet word om rekenaarwerkverrigting te verhoog.  
**LET WEL:** Moenie spesifieke programme noem nie. (4)
- 9.6.3 Lees die volgende stelling en bespreek die noodsaaklikheid om 'n webblaaier ('web browser') te installeer.  
 Die bestuurder van die sentrum vra dat webblaaiers op al die rekenaars geïnstalleer word om gebruikers in staat te stel om op die internet te blaai. (1)
- 9.7 Stel die tipe sagteware voor wat handvrye oproepe moontlik maak of jou stem as 'n vorm van verifikasie gebruik.  
 Moet **NIE** 'n spesifieke handelsnaam noem nie. (1)
- 9.8 Noem **EEN** voorbeeld van kommunikasiesagteware wat van VoIP gebruik maak wat deur die sentrum gebruik kan word. (1)
- 9.9 Kan dieselfde uitset ('output') verkry word as die sentrum Google Docs of ander soortgelyke aanlyn woordverwerkingsprogramme gebruik in plaas van kopiereg-sagteware ('proprietary software')? Motiveer jou antwoord. (2)
- 9.10 Wat is die hoofrede vir die gebruik van CSS wanneer webwerwe geskep word? (1)

[25]



## VRAAG 10: INTEGRASIE

**LET WEL:** Die scenario van Vraag 9 is ook van toepassing op Vraag 10.

- 10.1 Die personeel van die sentrum het versoek om van die huis af toegang tot die sentrum se inligting te hê, bv. kontakbesonderhede van personeel en besonderhede van die leerders wat versorg word. Antwoord die volgende vrae.
- 10.1.1 Watter tipe netwerk moet opgestel word om personeel van die huis af toegang tot die sentrum se inligting te gee? (1)
- 10.1.2 Noem die tipe konneksie wat die personeel gaan benodig om van die huis af aan die sentrum se netwerk te konnekteer. (1)
- 10.1.3 Beskryf kortliks die verifikasie wat nodig is voordat personeel toegang tot die sentrum se netwerk kan kry. (2)
- 10.2 E-pos is steeds die voorkeur kommunikasie metode die sentrum. Verduidelik hoekom die onderwerplyn ('subject line') van 'n e-pos belangrik is wanneer die personeel e-posse aan ouers stuur. (1)
- 10.3 Sommige leerders blaai deur die internet deur 'Incognito-' of 'InPrivate'-blaaïmodusse ('browsing modes') te gebruik. Noem TWEE items wat gehou/gestoor word wanneer 'InPrivaat-' of 'Incognito-' modus gebruik word. (2)
- 10.4 Die sentrumbestuur gebruik vlog ('vlogging') en 'vodcasts' om bewustheid vir die sentrum te skep. Verduidelik kortliks wat vlog en 'vodcasting' in gemeen het? (1)
- 10.5 Virtuele Realiteit (VR) kan deur gestremde mense vir vermaak- en rehabilitasiedoeleindes gebruik word. Gee EEN voorbeeld van 'n fisiese newe-effek van VR-gebruik, veral oor 'n aaneenlopende lang tydperk sonder om 'n breuk te neem. (1)
- 10.6 Verskaf TWEE redes waarom 'n antivirus wat op 'n bediener geïnstalleer is nie daarin slaag om toestelle te beskerm wanneer hulle buite die netwerk se gebied is nie. (2)
- 10.7 Diefstal van tyd en/of dienste deur werknemers is 'n groeiende bekommernis by die sentrum. Onderskei tussen diefstal van tyd en diefstal van dienste. (2)
- 10.8 Die bestuur by die sentrum wil skarefinansiering ('crowdfunding') gebruik om fondse in te samel. Wat is skarefinansiering? (2)
- 10.9 Fopnuus ('fake news') kan mense se mening oor die sentrum positief of negatief beïnvloed. Gee 'n kort beskrywing van fopnuus. (2)



- 10.10 Die administratiewe personeel wil van hiperskakels in hul woordverwerkingsdokumente gebruik maak vir maklike navigasie na ander liggings ('locations'). Afgesien van 'n webblad ('web page'), noem TWEE ander liggings waarheen 'n hiperskakel kan navigeer. (2)
- 10.11 Om meer blootstelling te kry, het die sentrum se bestuur besluit om 'n webblad te skep. Skryf die basiese struktuur van 'n webblad neer. (2)
- 10.12 Die webbladontwerper vir die sentrum het beide 'rowspan' en 'colspan' in die webbladuitleg ingesluit. Onderskei tussen die doeleindes van 'rowspan' en 'colspan'. Dui 'rowspan' en 'colspan' duidelik aan, gevolg deur jou antwoord. (2)
- 10.13 Een van die administratiewe personeel wil 'n navraag skep in die databasis. Verduidelik die verskil tussen kriteria A en kriteria B. Dui kriteria A en kriteria B duidelik aan, gevolg deur jou antwoord.
- Kriteria A: Like "\*dorp"
- Kriteria B: = "dorp" (2)

**[25]****TOTAAL AFDELING C: [50]****GROOTTOTAAL: [150]**